Eerste Gelui

22 Januarie 2023

Nuus oor die komende week, **NG Kerk Kleinmond**
Arabella, Bettysbaai, Kleinmond, Pringlebaai, Rooiels

Ons nooi jou uit na die volgende eredienste.

Gemeente-sentrum: 09:00
Ds. Louis Fourie
Skriflesing: Matt. 7: 21-23 en Lukas 6: 43-49
Tema: Ken die Here jou?



Kerksaal: 09:00
Ds. Hannes van Wyk
Skriflesing: Johannes 1: 38

Kerkgebou: 09:30
Ds. Jannie Hougaard
Skriflesing: Matt. 25: 14-30
Tema: Glo God ook?

<u>Die diens in die kerkgebou word op Kieskerk geplaas.</u>

Die skakel na Kieskerk:
https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/
https://kieskerk.com/ng-gemeente-

Deuroffers

Die deuroffer is vir die VGK.
Volgende Sondag is dit vir Getuienis-aksie

Die tyd tussen Epifanie en Lydenstyd

1 Januarie tot 19 Februarie

Hierdie tyd word in verband gebring met Jesus se aardse bediening voor sy reis na Jerusalem.

Die kleur vir hierdie tyd is groen, die kleur van groei. Dit is simbolies van die groei van die kerk in die wêreld.



Program vir die week

Die kommissies en diens-aksies en ander projekte se vergaderings begin:

Sondag
18:00 Gebedsgeleentheid vir die nuwe jaar in die kerkgebou en die gemeente-sentrum
Dinsdag 24 Januarie
16:30 Gebedsgroep
17:15 Eko-bediening
17:30 KK&K
Woensdag 25 Januarie
Kerkkantoor in Hangklip tussen 10 en 12
15:00 Kleinmond Fondsinsameling-komitee
18:30 Gesinsbediening
Donderdag 26 Januarie
10:00 Kleinmond blokouderlinge en wyksouderlinge vergader
17:30 Diensverhoudinge
18:30 Kerkraadsvergadering

Vriendelike uitnodiging
As lidmate wil betrokke raak by die verskillende kommissies en diens-aksies, kan hulle die kerkkantoor bel om te hoor wat die werksterrein is en waar hulle vergader. Jou insette is baie nodig. Dink daaroor en bid daaroor en skakel in.

Lidmate wat voorbidding baie nodig het

Dawie Kruger van Bb2, Johan van Zyl van KB5
en Christa Fick van PM3

Baie welkom

De lidmaatskapsertifikate van die volgende lidmate is ontvang:
Thomas Johannes en Anna-Marie du Plessis van Kimberley-Vooruitsig (BB5)
Daniël Anton en Charmaine Dawn Myburg van Epangeni (PB2b)
Gerhardus Jacobus en Velma Venter van Montana (BB6)
Marelie Ellebrock van Helderberg (BB4)
Ons hoop hulle is al tuis en ingeskakel.

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat sedert die vorige Eerste Gelui en in die komende week verjaar. Mag die Here se teenwoordigheid jou versterk in die nuwe lewensjaar.

21 Januarie

Bessie Fouche 0721743025 van PM3
Charlene Loots 0833971441 van BB4
Esther Steyn 0825067616 van Ba1
Jacolet van Zyl 0797246553 van BB1B
René Wright 0823545177 van Ba3
Piet Botha van KP
Malissa Janse van Rensburg 0727121745 van Sb4

22 Januarie

Uli Rietmann 0823160382 van Ba1
Basil Thorpe 0662502838 van Sa2
Willem Vorster 0836586205 van BB1B
Tersia Wooding 0845106514 van Sa4

23 Januarie

Nita Jacobs 0796485959 van PM2
Riaan Louw van Sb4
Dorrie Martins 0761614838 van Sb3
Dirkje Muller 0845122702 van KB2
Hartmut Spingies 0839955104 van Bb 2
Anja Steenkamp 0832561267 van BB2
Jannie van Wyk 0786969526 van KB5

24 Januarie

Elsabé de Kock 0827747308 van Sb4
Margaret Niemand 0834307980 van Sb1
Danie Volschenk 0833216429 van BB6

25 Januarie

Judy Gunther van BB1A
Paul Jordaan 0836328808 van Ba1
Julian Maree 0828531337 van BB3
Sanet Martin 0826690444 van Ba1
Piet Nel 0836149502 van Ba1
Hannes Nieuwoudt 0846998363 van HK1
Deon Rossouw 0833342757 van Sa2
Dedré Singleton 0762538833 van Bb 2

26 Januarie

Ester Botha 0832851321 van PB2a
Coenie Groenewald 0828342128 van Sc1
Pierre Groenewald 0731902275 van Sb2
Gerrit Hyman 0724066322 van Sb4
Michael Hyman 0723332804 van KB1
Marita Jacobs 0845860103 van Sb2
Dimsie Krone van KP1
Juan Loots van BB4
Annalet Venter van HK3

27 Januarie

Janus Bezuidenhout van HK2
Rita Ehlers 0721335003 van Bb 3
Cecile Jonkheid 0748878846 van Sc3
James Neethling 0824735698 van Bb 1

Arbeidsbediening: Kleinmond

Werkers benodig op die saailand.

Vrywillige persone word benodig om vanaf Februarie/Maart sakeleiers en werkers in ons dorp se werksplekke te bemoedig om geloofsgetrou hul dagtaak te verrig. Die werk behels besoekies vir gebed of boodskappe (10 – 15 minute) by ‘n werksplek. Vir meer inligting bel die kerkkantoor (028 271 3470),
Andries Truter (078 102 0662)
of Hannes Smit (084 549 3729).

Aansit-ete in die kerksaal

Op Saterdag 11 Februarie om 12 uur is daar ‘n aansit-ete by die kerksaal. Bring jou eie drinkgoed en glase. Die res van die eetgerei word verskaf. Die ete bestaan uit ‘n vis-voorgereg, koue boud- en hoendervleis en drie slaaie. Die nagereg is koekstruif. Dit kos R100 per persoon. Dit is ongelukkig nie ‘n weneem-ete nie en eters moet daar eet. Bestel deur ‘n sms of WhatsApp te stuur na 076 134 7157.

So baie aksies

waarby jy kan betrokke raak

Hierdie week is die inligting gerig op die lidmate wat die kerkdiens in die kerkgebou bywoon. Die gesinsdiens in die kerksaal en die erediens in die gemeente-sentrum kom later aan die beurt met hul eiesoortige aksies. As die Here ‘n aksie wat nie hier bestaan nie op jou hart lê, kom meld asseblief aan.

Arbeidsbediening Andries Truter

Gewillige lidmate verbind hulself om sakeleiers en werkers in ons dorp by die werkplek te bemoedig om geloofsgetrou hul dagtaak te verrig. Die werk behels besoekies vir gebed of boodskappe (10 – 15 minute) by ‘n spesifieke werksplek.

Brei-projek Essie Groenwald

Almal wat gewillig is om te help brei, brei by hul huise en bring dan net die eindproduk na Essie toe.

Eko-bediening Jan Momsen

Hierdie groep bevorder herwinning en reël geleenthede om vullis by verskeie plekke en op verskillende tye op te tel.

Eko-nuus

- Alle Eko-lede en Eko-vriende: ’n Hartlike uitnodiging na ons komende Eko-bedieningsvergadering, DV Dinsdag, 24 Januarie 2023 om 17:15 in die Kerkgebou. Behalwe die gewone eko-dinge word ons kortliks toegespreek deur ***Jan van Niekerk*** van die ***Hermanus Herwinnings-aanleg***. Kom met al jou vrae!
- Onthou dat ons steeds ***proppies*** en ***broodsakkie-knippies*** apart herwin. Plaas alle koeldrank- en melkhouerproppies in ’n sakkie in die groen houers by elke preekpunt. Ook groter, harde proppe van koffiebottels of soortgelyk. Haal net asb die kartonnetjie uit. Sit broodsakkie-knippies in ’n aparte klein sakkie ook daarin. Baie dankie.
- Onthou ons slagspreuk: ***Re-fuse*** (weier onnodige verpakking); ***Re-duce*** (Verminder verpakkinsmateriaal, veral enkel-gebruik plastiek); ***Re-use*** (hergebruik waar moontlik); ***Re-cycle*** (herwin in munisipale witsakke).

Erediensgroep Elaine Reitsma

Dis die groep wat jou by die deur verwelkom wanneer jy eredienste bywoon en help met kollekte opneem en blomme vir spesiale geleenthede.

Fondsinsameling en Gasvryheid Ninnie du Toit

Jy kan inskakel om te help beplajn, help om kos te maak, help om te skep en te bedien en tafels by die basaar te beman. Ons soek ‘n sameroeper by die kindertafel, by die speletjies en vir die manstafel.

Gebedsgroep Marita Grobler

Elke Dinsdagmiddag kom lidmate bymekaar om voorbidding te doen vir ons gemeente, gemeenskap en persone wat voorbidding nodig het.

Getuienis Gert Pretorius

Ons gemeente ondersteun ‘n groepie sendelinhge wat wêreldwyd werksaam is deur gebed en finansiële ondersteuning. Een keer per jaar word ‘n Getuienisfees gehou.

Herberg Kinderhuis Belinda Strydom

Ons ondersteun ‘n spesifieke huis met dogters en is betrokke by hul behoeftes.

Huisgebondenes Hartmut Spingies en Cecile Horn

Hulle sien om na persone wat nie meer so maklik beweeg nie. se behoeftes.

Kerkkoor Cecile Coetzee

Elke Donderdagmiddag oefen die kerkkoor. Kom voeg jou stem by om die Here te loof.

Klankgroep Le Roux Burrows

By elke erediens is daar ‘n groep wat om die beurt sorg dat ons die leraar duidelik kan hoor en dat die diens uitgesaai word.

Kleingroepe Dirk Kotzé

Nuwe intrekkers of ander persone wat by ‘n kleingroep wil inskakel, kan hul name kom ingee.

Overstrand Kinder- en Jeugsorgsentrum Erika Rabe

Lidmate wat by ons plaaslike sentrum wil inskakel deur ‘n kind aan te neem om aan hom/haar aandag te gee en ook vir verjaardae of om Kersfees, kan hul name kom ingee.

Toebroodjie-projek Mariëtte Hugo

Kinders by die Laerskool wat nie toebroodjies van die huis af kan saambring nie, word deur gewillige lidmate van broodjies voorsien. Hoe meer mense toebroodjies maak, hoe minder beurte kry jy.

Caritas-projek Retha de Wet

Een maal per maand word ‘n kospakkie gepak vir lidmate wat dit nodig het. Bied jouself aan om te help pak.

Voorsang Rika Steenkamp

By elke erediens is daar ‘n groep voorsangers wat help met die sang voor die diens begin. Hoe meer persone help, hoe minder Sondae is jy aan die beurt.

Nuus van internasionale studente

Beste medewerker,
In Openbaring 3: 8 noem; “ Kyk, Ek het ‘n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit ”. Ons is dankbaar teenoor God wat baie geleenthede vir ons gegee het vir kontak met studente uit baie geslote lande.
Twee Arabiese studente het ‘n paar maande by ons loseer, terwyl hulle besig was met Engelse taalstudies. In hulle geslote land word geen kerkgeboue en Christelike eredienste toegelaat nie.
Baie internasionale studente het na die sing van Kersliedere in ons tuin gekom op 11 Desember. Die koor van internasionale erediens het wonderlike Kersliedere gesing. ‘n Groot groep studente van Iran het na die geleentheid gekom en vir baie was dit hul eerste belewenis van die Kerstyd. Gasvryheid is betoon aan studente uit lande soos Frankryk, Duitsland en Rusland. Na die tyd kon ek Christelike lektuur in Persies aan studente as geskenk gee.
Die jaarlikse “ Carols in Kirstenbosch” botaniese tuin is altyd baie gewild. Die lees van tekste oor die geboorte van Christus en sang het ‘n groot indruk op veral studente van Iran gemaak. Dit het gelei tot baie vrae van hulle kant oor Christus en goeie geestelike gesprekke. Tans is die situasie in Iran baie sleg en baie is op soek na hoop en ‘n beter toekoms. Bid asb. dat soekers ewige hoop in Christus sal vind.
Graag deel ek oor nuwe verwikkelinge rakende die bediening.
Die Here het ‘n Gereformeerde predikant van die VSA voorsien as my opvolger, wanneer ek einde Januarie 2023 moet aftree. Die internasionale bediening kom nie tot ‘n einde nie, maar gaan steeds voort.
Ds Tyler Helfers van die “ Christian Reformed Church” in die V.SA. het ‘in internskap gedoen by die bediening tydens 2021. God het Tyler en Christina Helfers geroep om terug te keer na die internasionale studente bediening in Stellenbosch. Hulle was die afgelope maande besig met fondswerwing in Noord Amerika.
Die jong egpaar ervaar baie probleme met hul visum aansoek sedert indiening daarvan by RSA ambassade in Washington in Augustus 2022. Die Departement van Binnelandse Sake sit met ‘n agterstand van 56,543 visum aansoeke, wat hulle hoop om teen Junie 2024 te voltooi. Die situasie skep ‘n nagmerrie vir aansoekers wat na Suid-Afrika wil kom.70 % van visums word tans afgekeur deur Binnelandse Sake.
Ek sal waarskynlik ‘n paar maande moet aangaan met die bediening, tot Tyler die leierskap kan oorneem. Ons ervaar ‘n geestelike stryd waarvan Efesiërs 6 praat rondom die probleme met visums. Bid asb. vir God se ingryp sodat die Helfers hul vrywilligers visums kan ontvang vir Suid-Afrika.
Aftrede is nie die einde van my roeping nie, maar ‘n nuwe seisoen. Ek wil graag die verantwoordelikheid van internasionale gemeente aan Tyler oorgee en voortgaan met vriendskap met studente uit geslote lande.
Ek beplan om voort te gaan met vriendskappe met studente van geslote lande. Soos Barnabas in die Nuwe Testament wil ek graag oud studente in leiersposisies bemoedig uit Afrika, Asië en Latyns Amerika. Graag wil ek meer boeke lees van groot denkers soos bv. J.H. Bavinck, ‘n missioloog wat in Indonesië werksaam was en Dr Tim Keller van New York.

Magdaleen het nog vier jaar van bediening oor met die ondersteuning van internasionale vroue en betoning van gasvryheid. Ek is dankbaar vir die ondersteuning van ‘n goeie lewensmaat en spanmaat, sonder wie ek nie die bediening sou kon doen nie. Sy benodig steeds fondse om haar geloof bediening voort te sit.
Ons is dankbaar vir die vrywillige hulp van Philipp Ragette die afgelope jare. Hy en sy gesin hoop om terug te keer na Oostenryk
Rynier Kruger het sendingwerk gedoen in Thailand en het baie goeie ervaring van kruis-kulturele uitreik en die gee van Engelse klasse. Hy beplan om na Stellenbosch te verhuis in 2023 en is beskikbaar as vrywilliger vir die bediening tydens sy aftrede.
Helderberg Uitreik het die verantwoordelikheid van bediening nou oorgegee aan Stellenbosch Moederkerk. Ek is baie dankbaar vir die ondersteuning van Helderberg Uitreik en die projekspan oor baie jare. Ons loof die Here vir Stellenbosch Moederkerk en hulle voortsetting van ‘n strategiese bediening.
Baie dankie aan betrokke gemeentes, donateurs, medewerkers en voorbidders wat die geloof bediening moontlik maak. Ons waardeer julle betrokkenheid en omgee oor baie jare in goeie en moeilike tye
Mag julle ‘n wonderlike Christusfees ervaar en dat Christus as Immanuel- God met ons is in die nuwe jaar!

Groete

Jurie

Bydraes vir bediening kan inbetaal word by NG Kerk Stellenbosch
Nedbank, Rekeningnr: 149 804 3232
Takkode: 149 821 Verwysing: FansGoosen & u van

Opleiding in Narratiewe Pastoraat

Dr. Chris Malan gaan voort om in 2023 die opleiding in Narratiewe Pastoraat aan te bied. *Narratiewe Pastoraat* beteken dat jy toegerus gaan word om in jou bediening en verhoudinge *anders* na mense, probleme en die toekoms te kyk.

Goeie Nuus! In 2023 trek die opeliding ‘n nuwe baadjie aan! Hoewel die beginsels van Narratiewe Terapie die basis vorm, bied dr. Chris die sessies aan vanuit ‘n Bybelse perspektief. Hiervoor maak ons ‘n draai by Jesus se saam-loop met die Emmaus-dissipels. *Vriendskap* en *om langs iemand te gaan stap* dien as metafore wat ons werk gaan inspireer.

Groep 2 se opleiding in 2023 gaan inloer by baie interessante modelle en wyses van werk o.a. Viktor Frankl se *Logoterapie*… om die betekenis en sin van jou lewe te *skryf.* Ons gaan ook inloer by *Inner Child* terapie, *Relational Language, Transformerende Gesprekke, Walking with Wounded 2.0,* en *Hoe om grafika te gebruik in berading met kinders, gesinne en couple's therapy.*

Elke jaargroep het 10 opleidingsessies van 2 ure elk. Groep 1 kuier nagenoeg elke eerste DinsdagOGGEND van die maand saam, en Groep 2 kuier elke eerste DinsdagAAND saam.

Elke opleidingsessie bied ook genoeg tyd vir praktiese blootstelling en inoefening. Elke sessie skop af met geestelike verryking… vir Groep 1 'n kosbare boek van Brian McLaren, *Naked Spiritualty,* en Groep 2 werk uit die boek *RAW SPIRITUALITY* met temas soos *The Rhythms of Jesus' Life.*
Kostes om in te skryf vir die kursus word uiteengesit in die e-pos. Indien jy belangstel, maak gerus kontak met **Chris Malan** by **072 1987 279** of stuur 'n e-pos na **drchrismalan@outlook.com** vir meer inligting.

Ons gemeente vereenselwig ons met die volgende:
Draers van Sy Lig
Verskilmakers met Deernis
Ambassadeurs van Hoop

FOKUS 2023

"GOD HET ONS GEMAAK WAT ONS NOU IS;

IN CHRISTUS JESUS HET HY ONS GESKEP

OM ONS LEWE TE WY AAN DIE GOEIE DADE WAARVOOR HY ONS BESTEM HET."

EFESIËRS 2:10